NONGQAI

Vol 16 No 7 - July/Julie 2025



SUIDER-AFRIKA VEILIGHEIDSTUDIES & MAGTE-GESKIEDENIS
SOUTHERN AFRICA SECURITY STUDIES & FORCES HISTORY



EDITORS

The editor-in-chief of *NONGQAI* Magazine is retired Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") of the S.A. Police, who holds a Master's degree in National Security Studies and had represented the S.A.P. on the Secretariat of the State Security Council.

The editor of the **Ladies Edition** of *NONGQAI* is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), herself a former police officer and journalist at *Beeld* newspaper.

The editor of *NONGQAI's* digital publications and group operations manager is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), a retired attorney and ambassador who is a former member of the N.I.S. and D.F.A. Willem is responsible for *NONGQAI's* YouTube channel and BLOG, plus our publisher, GREXPA s.a.

There are two sub-editors. Col. **Logan Govender** ("LG") is our lead historian on police officers of Indian descent. **Henning van Aswegen** ("HvA") renowned author formerly of the National Intelligence Academy, handles the intelligence desk.

Any opinions expressed by any editor (or by any other contributor), are entirely their personal responsibility, and should be attributed to them individually and **not to the editorial board, owners or publisher.**

REDAKSIE

Die hoofredakteur van die *NONGQAI* tydskrif is afgetrede Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") van die S.A.Polisie, met 'n Meestersgraad in Nasionale Veiligheidstudies en wat die S.A.P. verteenwoordig het op die Sekretariaat van die SVR.

Die redakteur van *NONGQAI* se **vroue-blad** is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), voormalige polisiebeampte en joernalis van die koerant *Beeld*.

Die redakteur van *NONGQAI* se digitale publikasies en ook groep-bedryfsbestuurder is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), afgetrede prokureur, ambassadeur en voormalige lid van N.I. en die D.B.S. Willem versorg *NONGQAI* se YouTube-kanaal en BLOG, en bestuur die uitgewer-maatskappy, GREXPA s.a.

Daar is twee sub-radakteurs. Kol. **Logan Govender** ("LG"), is ons historikus vir die geskienis van polisie-lede van Indiër-afkoms. **Henning van Aswegen** ("HvA"), skrywer voorheen van die Nasionale Intelligensie Akademie, versorg intel-nuus.

Enige menings uitgespreek deur enige lid van die redaksie (of deur enige ander bydraer), is hulle persoonlike verantwoordelikheid en moet hulle individueel toegereken word, **nie die redaksie, eienaars of uitgewer nie**.

Aim & Policy - Doel & Beleid

Our goal is to collect and record our national security history for publication in the *NONGQAI* for future generations.

We publish the articles and stories as we receive them from our correspondents; we only correct spelling mistakes. It's important to publish the stories in the form and context that we received them from our correspondents. Policemen and Defence personnel have their own language and sub-culture. We are not a scientific or literary journal. We only work with historical building blocks, as in the oral tradition.

Ons doel is om die nasionale veiligheidsgeskiedenis in die *NONGQAI* aan te teken en só vir die nageslagte te bewaar.

Ons gebruik die artikels en stories soos ons dit van ons korrespondente ontvang; ons maak slegs die spelfoute reg. Dis belangrik om die stories te bewaar in die vorm en in die konteks soos ons dit ontvang. Lede van die veiligheidsmagte het hul eie taal en ons moet dit ook so aanteken. Ons is nie 'n letterkundige of wetenskaplike joernaal nie. Ons werk slegs met die boustene van die geskiedenis, in die orale tradisie.

COPYRIGHT POLICY

NONGQAI is an educational publication without a profit motive, distributed free. As such, under S.A. Law it enjoys the general "reasonable use" exemption from the copyright that may be held by others in material re-published here-in. Ethically, such original authors and publications are cited and credited to the best of our ability, also regarding photos and imagery. **All we request for the use of our material is the same courtesy of crediting us in full.**

ERKENNING VAN KOPIEREG

NONGQAI is 'n opvoedkundige publikasie sonder winsbejag wat gratis versprei word. As sodanig geniet dit onder S.A. Reg die "redelike gebruik"-vrystelling van ander se outeursreg in materiaal wat hierin her-publiseer word. Eties, word sulke oorspronklike outeurs en publikasies na die beste van ons vermoë siteer en erken, ook vir foto's en beeldmateriaal. **Al wat ons vra vir die her-gebruik van ons materiaal, is dieselfde hoflikheid van volledige kreditering.**

Contact Particulars - Kontakbesonderhede

Brig. Hennie Heymans: ☎ **+27 (0)72 336-1755** editor@nongqai.org **WEB:** www.nongqai.org

Nongqai Magazine is carried on ISSUU and, with Nongqai Digital Media, is published by GREXPA s.a., incorporated in Guatemala – more info on website.

NONGQAI sedert 1907 oorsprong & oogmerke

NONGQAI is 'n gratis aanlyn bewaarplek van herinneringe, historiese gegewens en ontledings rakende die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika. Dit dek van die heel onlangse tot die koloniale verlede van polisiëring, militêre ontwikkelinge, intelligensie en diplomasie in die streek. Dit word gedoen met twee hoof oogmerke: om rou historiese gegewens en die insigte van werklike deelnemers, geboekstaaf in die tradisie van orale vertellings, te bewaar tot voordeel van toekomstige geslagte; en, tweedens, om aan veterane van die dienste en gewapende magte 'n platform te bied waardeur hulle hul verhale en foto's kan deel, vir die leesgenot van ou kamerade, vriende en familie. ***NONGQAI*** doen dit sonder om die verlede te verheerlik, en ook nie om die verlede weer te wil herleef nie. Ons wil help om die goeie in die verlede te koester, deur die geskiedenis sonder kwaadwilligheid te boekstaaf.

Die eerste ***NONGQAI*** het in Maart 1907 verskyn as die amptelike kwartaallikse tydskrif van die polisie van die kolonie Natal. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, en die daaropvolgende stigting van die Unie-weermag en die nasionale polisiemag in 1913, is besluit om die tydskrifte van die verskillende koloniale magte van voor die Unie, saam te voeg in een. Die naam ***NONGQAI***, wat in Zoeloe beteken "die koning se wagte", is gekies vir hierdie saamgevoegde tydskrif, wat die tydskrifte van koloniale dienste soos *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* en *The Transvaal Police Magazine* vervang het. Die nuwe 1913-weergawe van die ***NONGQAI*** verteenwoordig dus al die uniformdienste van die Unie, insluitend die Polisie, Weermag en Gevangenisdiens.


Nadat die Unie die Republiek van Suid-Afrika geword het, het die verskillende dienste geneig om hul eie tydskrifte te ontwikkel, soos *Paratus* vir die weermag en *Servamus* vir die polisie. Die oorgang in 1994 na 'n nie-rassige demokrasie het 'n einde gemaak aan daardie era, maar nie 'n einde aan belangstelling in die geskiedenis van daardie epogmakende tye nie. Brigadier Hennie Heymans het daarom die ***NONGQAI*** in e-tydskrif vorm laat herleef as 'n bewaarplek van data, herinneringe en ontledings oor die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika.

NONGQAI se tradisionele e-tydskrifte (standaard en vroue-edisies) word aan die begin van elke maand gepubliseer en word gratis op ons Blog www.nongqai.org en die **ISSUU**-platform gedra. Spesiale uitgawes, wat elk oor 'n spesifieke tema handel, word gereeld gepubliseer. Ons Blog-artikels daarenteen, verskyn deurlopend, en so ook ons video's op YouTube. Die beleid van die redakteurs van ***NONGQAI*** is om nie in te meng met die inhoud wat deur bydraers voorgelê word nie, behalwe vir eenvormige blad-opmaak en hersiening van spelling en grammatika. ***Die inhoud is dus die verantwoordelikheid van elke individuele bydraende outeur; Nongqai, sy redakteurs en uitgewers aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie***. Die doel is om die voormalige deelnemers so outentiek en direk as moontlik te laat praat, sodat historici dit as bron van rou historiese gegewens kan gebruik in hul historiografiese evaluerings. ***NONGQAI*** self is dus ook nie 'n akademiese geskiedenis-publikasie wat aanspraak maak op wetenskaplike beoordeling of verifiëring van die inhoud wat sy vrywilliger bydraers op sy bladsye gedeel het nie.

NONGQAI, hetsy as tydskrifte of digitale media, is heeltemal gratis en toeganklik op ons web-blad: https://nongqai.org Dit kan aanlyn gelees word of as .pdf-dokumente afgelaai word. Die argief van vorige uitgawes verteenwoordig 'n skatkamer van historiese gegewens, foto's, persoonlike herinneringe en staaltjies, sowel as ontledings van belangrike nasionale veiligheidskwessies van die verlede en die hede – dit word bewaar op ons Blog, sowel as deur die Akademia Biblioteek.

NONGQAI since 1907 our roots & goals

NONGQAI is a free online repository of memories, historic data and analysis relating to the national security history of Southern Africa. It covers from the very recent to the very ancient past of policing, military developments, intelligence, and diplomacy in the region. It does so with two main goals: to provide raw historic data and insights from actual participants, in the tradition of oral history, for the benefit of future generations; and, secondly, to provide ex members of the services and armed forces with a platform through which to share their stories and photographs, for the reading pleasure of old comrades-in-arms, friends and family. This ***NONGQAI*** does, without glorifying the past, nor wishing to live again the past. It helps cherish the good in the past, recording history without malice.



The original ***NONGQAI*** magazine had started out in March 1907 as the official quarterly magazine of the police of the colony of Natal. After the establishment of the Union of South Africa in 1910, and the subsequent founding of the Union defence force and the national police force in 1913, it was decided to amalgamate the magazines serving the different pre-union colonial forces into one. The name ***NONGQAI***, which in Zulu means "the king's watchmen", was chosen for this amalgamated magazine, which replaced the pre-union colonial services magazines such as *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* and *The Transvaal Police Magazine*. The new 1913 version of the ***NONGQAI*** thus represented all the uniformed services of the new Union, including the police, the military, and the prisons service.

After the Union became the Republic of South Africa, the different services tended to develop their own magazines, such as *Paratus* for the military and *Servamus* for the police. The 1994 transition to a non-racial democracy brought an end to that era, but not an end to interest in the history of that era. Brigadier Hennie Heymans thus revived the ***NONGQAI*** in e-magazine form, as repository of data, memories, and analysis about the national security history of Southern Africa.


NONGQAI in its traditional magazine format (standard and Ladies' editions) is published at the beginning of each month and is carried on our Blog www.nongqai.org and the ISSUU platform. Special issues, each dealing with a particular theme, are regularly published. Our Blog posts and YouTube videos, on the other hand, are published throughout the month.

The policy of the editors of ***NONGQAI*** is not to interfere with the content of articles submitted and deemed publishable, except for uniform formatting and reviewing spelling and grammar. ***The content is therefore the responsibility of each individual contributing author; the editors, owners and publoshers accept no liability for it.*** The objective is to let the former participants talk, as authentically and directly as possible, for historians to use as source of raw historic data in their historiographic evaluations of past events. ***NONGQAI*** itself thus isn't, nor does it pretend to be, an academic history publication laying claim to scientific assessment or verification of the content its volunteer contributors had shared through its pages.

NONGQAI is entirely free and accessible on the internet, where it can be read online or downloaded as .pdf documents. Its archive of past editions represents a treasure trove of historic data, personal recollections, and anecdotes, as well as analysis of important national security issues, past and present. This archive can be found on our Blog, and in the care of the Akademia Library.

Inhoud

ELEKTRONIESE BEDIENING: PLAAS GOD TUSSEN JOUSELF EN JOU VYAND! 6
Nongqai se Kapelaan: Pastoor Koot Swanepoel (082-041-9123) 6
OORBLAD | COVER 8
WELCOME & FOREWORD | VOORWOORD & WELKOM 8
Hennie Heymans 8
MAANDELIKSE BOODSKAP 9
Boodskap van Genl-Maj Johan Booysen aan die lesers van *Nongqai* 9
MY UITTREDE UIT DIE POLISIE (HOOFSTUK 7) 10
Genl JV van der Merwe 10
SAP KING'S REST: DISTRIK 75: DURBAN-SUID 12
HBH 12
ARMY SIGNALS IN SOUTH AFRICA: THE STORY OF THE SOUTH AFRICAN CORPS OF SIGNALS AND ITS ANTECEDENTS 23
IN LIGHTER VEIN | OP 'N LIGTE NOOT 27
DIE GROOT DUIMGOOI ("HIKE) KOMPETISIE DEEL 7 – EERSTE GEDEELTE EERSTE SKOTE IN DIE DONKER 27
Artikel deur Koos de Wet 27
SLOT | END 33





ELEKTRONIESE BEDIENING: PLAAS GOD TUSSEN JOUSELF EN JOU VYAND!

Nongqai se Kapelaan: Pastoor Koot Swanepoel (082-041-9123)



“... HERE, niemand behalwe U kan dié wat magteloos is, help teen dié wat magtig is nie. Help ons, HERE ons God, want ons vertrou op U alleen. Dit is in U Naam dat ons teen hierdie hordes stelling ingeneem het. HERE, U is ons God; moenie dat blote mense teen U seëvier nie!” - 2 Kronieke 14:11 NLV

Toe hy voor 'n vyand wat hy nie op sy eie kon oorwin nie, te staan kom, het koning Asa gebid: '...'HERE, niemand behalwe U kan dié wat magteloos is, help teen dié wat magtig is nie. Help ons, HERE ons God, want ons vertrou op U alleen. Dit is in U Naam dat ons teen hierdie hordes stelling ingeneem het. HERE, U is ons God; moenie dat blote mense teen U seëvier nie!' Die HERE het die Kussiete voor Asa en die leër van Juda verslaan sodat hulle gevlug het' (verse 11-12 NLV).

F.B. Meyer skryf: 'Herinner God aan Sy belofte: '...niemand behalwe U kan dié wat magteloos is, help teen dié wat magtig is nie.' Die beproewing waarvoor Asa te staan gekom het was enorm. Daar was 'n miljoen gewapende mans langs driehonderd strydwaens wat teen hom wou veg. Dit het onmoontlik gelyk om teen daardie groot menigte staande te bly. Daar was geen bondgenote wat hom sou help nie; sy enigste hoop het dus op God gerus. Dit mag wees dat jou moeilikhede so erg geword het dat jy nie meer op die mense wat jou in kleiner beproewinge bygestaan het, kan steun nie; al wat oorbly is om jou aan die genade van die Almagtige te onderwerp. *Plaas God tussen jouself en die vyand*.


Asa het geglo dat God tussen die leër van Serag, die Kussiet, en homself sou kom staan. Hy het hom ook nie misgis nie, want die HERE het die Kussiete voor Asa en sy leër verslaan. Ons God kan onverwagte versterkings op enige oomblik om Sy mense te help, ontbied. Glo dat Hy tussen jouself en jou vyand staan. Die moeilikheid sal dan soos wolke voor die stormwind vlug.'



Generaal Jannie Geldenhuys – Hoof van die SAW (Foto – HBH)

VOORBLAD | COVER

NONGQAI
Voorblad
Cover story



Official Caption: SAS Isandlwana in the Magellan Strait 2006

SA Vloot se *Valour* klas fregat.

Erkenning aan die Suid-Afrikaanse Vlootmuseum.

Vriendelike groete

Kommandeur Leon Steyn

WELCOME | WELKOM

Hennie Heymans

Welkom	**Welcome**
Hartlik welkom by hierdie besondere uitgawe – besonder juis as gevolg van ons lesers se deelname met artikels en foto's. E-pos: heymanshb@gmail.com	A warm welcome to this special edition – especially because of our readers' participation with articles and photos. E-mail: heymanshb@gmail.com

HBH

MAANDELIKSE BOODSKAP

‘n Leser het voorgestel dat ons elke maand ‘n generaal vra om vir ons lesers, meeste is afgetrede SAP, SASP, SAW en Oud-NI-lede of hul kinders, ‘n paar woorde te rig. Ons voldoen aan die versoek en stel nou genl-maj Johan Booysen aan die woord. Natuurlik was ek wabestuurder en wyksersant in sy geweste – toe was hy nog op skool in Durban-Suid-distrik. Ons ou-Durbaniete ken hom as ‘n uitstaande speurder in KZN.

Boodskap van Genl-Maj Johan Booysen aan die lesers van *Nongqai*



Aan my voormalige kollegas, getroue lesers van *Nongqai*, en vriende tans in uniform.

Ek wil vandag ’n oomblik neem om my opregte dank en respek te betuig aan elkeen van julle wat deur die jare die vaandel van diensbaarheid en eer hoog gehou het. Julle bydraes tot hierdie publikasie is ’n verlengstuk van jul lewenslange toewyding—’n getuigskrif van ons gedeelde geskiedenis, ons stryd, ons oorwinnings en ons waardigheid.

Ek het die voorreg gehad om jare lank saam met sommige van julle die uitdagings van speurwerk en ondersoek te trotseer—van die eenvoudigste sake tot die mees komplekse misdaadsake. As ’n man van die Natalse Suidkus, gevorm deur golwe van ervaring en storms van verantwoordelikheid, weet ek uit ondervinding wat dit verg om te dien met integriteit, moed, vasberadenheid en lojaliteit.

Julle het lank diens gedoen, soms sonder erkenning, soms ten koste van jul gesinne, maar nooit sonder trots. Julle het die etos van die Polisiediens beliggaam: diens aan die volk, eer onder vuur, en kameraadskap in die moeilikste tye. Ek eer elkeen van julle—van die wat hul laaste skof gestaan het tot die wat vandag nog getrou herinneringe opteken.

Mag *Nongqai* voortgaan as ’n insamelaar van ons geskiedenis, en ’n argief van ons kollektiewe nalatenskap.

Met eer en dankbaarheid,

Genl-Maj Johan Booysen



MY UITTREDE UIT DIE POLISIE (HOOFSTUK 7)

Genl JV van der Merwe

In Maart 1994 het mnr. Themba Khoza, Inkatha-leier van die Witwatersrand, by die hooflanddros in Johannesburg aansoek gedoen om magtiging vir ’n Inkatha-optog op 28 Maart 1994 van Library Gardens, op die hoek van Mark- en Fraserstraat, na die middestad van Johannesburg. Die optog sou ter ondersteuning van die Zoeloekoning wees, wat volgens Inkatha heeltemal misken is tydens die staatkundige onderhandelinge. Die Polisie het geweet die optog was waarskynlik uit protes teen die verkiesing op 27 April 1994. Soos gewoonlik moes die Polisie tussen twee euwels kies: staan ons die optog teë en word dit geweier, sal Inkatha die optog onwettig hou, wat uit die staanspoor op geweldpleging sal uitloop. Laat ons die optog toe, kan geweldpleging ook uitbreek. Die streekkommissaris van die Witwatersrand, genl. Koos Calitz, het by die landdros aanbeveel dat magtiging vir die optog verleen word, maar het ’n roete aanbeveel wat Shell House, die hoofkwartier van die ANC op die hoek van King George- en Pleinstraat, uitgesluit het. Inkatha het op dié voorwaarde magtiging vir die optog verkry.

Op Sondagmiddag, 27 Maart 1994, het ek ’n oproep van mnr. Dave Steward, hoof van mnr. F.W. de Klerk se kantoor, ontvang. Volgens hom het mnr. Mandela so pas mnr. De Klerk gebel met inligting dat Inkatha beplan om Shell House die volgende dag aan te val. Mnr. De Klerk het gevra dat die Polisie alle moontlike maatreëls moet tref om so ’n aanval te voorkom. Ek het dadelik genl. Calitz met die nuus gebel; hy het my verseker dat elke beskikbare lid gebruik gaan word om die optog te beheer. Mnr. Mandela het nooit vir my of genl. Calitz persoonlik voor die optog gebel soos hy in sy toespraak gesê het nie.

Vroeg die volgende oggend het genl. Calitz ’n oproep van mev. Winnie Mandela, ’n lid van die nasionale uitvoerende komitee (NUK) van die ANC, ontvang. Volgens haar wou mnr. Thabo Mbeki en ander NUK-lede graag samesprekinge met hom voer. By Shell House het mnr. Mbeki hom ingelig dat hulle betroubare inligting ontvang het dat Inkatha Shell House gaan aanval. Dit was min of meer dieselfde tyd dat ek in my kantoor in Pretoria ’n oproep van mnr. Joe Nhlanhla, ’n NUK-lid (ná die verkiesing Minister van Intelligensie), ontvang het. Aanvanklik kon ek nie mooi uitmaak wat hy sê nie. Hy het half histeries in ’n skril stemmetjie geskree Inkatha gaan hulle aanval en die Polisie gaan aanspreeklik gehou word vir die gevolge. Ek het hom gevra om te kalmeer en hom die versekering gegee dat die Polisie alles in hul vermoë sal doen om ’n aanval te keer. Mnr. Nhlanhla het toe dadelik die gesprek beëindig. Ek het genl. Calitz se kantoor gebel om te hoor hoe die optog vorder, maar volgens sy ontvangsdame was hy by Shell House.

Die optog het omstreeks agtuur die oggend by Library Gardens begin. ANC-ondersteuners wat in die middestad was as werkers of om ander redes, het die Inkatha-lede uitgejou en die polisiemanne het hul hande vol gehad om die twee groepe uitmekaar te hou. Gevegte het egter uitgebreek en verskeie mense is dood. By die Lancet Hall-gebou, op die hoek van Von Wielligh- en Breestraat, het twee veiligheidswagte van die ANC wat by die gebou diens gedoen het, op die optoggangers gevuur en vermoedelik ’n paar mense doodgeskiet. Naby Shell House het ’n groep van die goedgekeurde roete weggebreek en in die rigting van Shell House beweeg. Voordat polisielede daarin kon slaag om hulle te stuit, is vanuit Shell House op hulle gevuur.

Volgens genl. Calitz was hy nog in gesprek met mnr. Mbeki en ander NUK-lede toe hy geweerskote hoor klap. Hy het na die venster gehardloop en gesien hoe Inkatha-lede ongeveer 100 meter van Shell House af neerslaan. Die geweervuur het ongeveer ’n kwartier geduur en genl. Calitz het gesien hoe ANC-lede met AK-47-gewere deur die vensters op optoggangers vuur. Dit was almal onwettige vuurwapens, want geen lisensies is daarvoor uitgereik nie.

HBH



'n Lewensles wat ek in die polisie geleer het: Behandel alle vrouens afgesien van ras, stand of nering as dames en jy sal altyd 'n suksesvolle polisieman wees. Moet hulle nooit ignoreer nie. Hulle positiewe gesindheid en steun is altyd nodig!

Baie dames vind die polisie onweerstaanbaar. Dit is ook 'n werklikheid en 'n feit soos 'n koei. Baie sal die polisie bel omdat hul eensaam is. Party bel en hoop 'n oulike lid van die Mag sal kom en hulle eise bevredig. Party is subtiel ander blatant! Eendag kry ek 'n klagte en toe ek daar aanland en niksvermoedend by die voordeur klop gryp die vrou my tussen die bene. Sy maak toe 'n onwelvoeglike voorstel. Ek is vinnig daar weg!

Op 'n warm somer aand in die nanag gaan die alarm af in die drankwinkel af. Wie vang ek wat probeer inbreek? Niemand anders as die eienaar se eggenote wat haar onversadigbare dranklus en dors wil bevredig. Vir 'n ruk hou ek haar geselskap en praat haar moed in om die drank te los. So het almal maar probleme!

<u>Hell has no fury like a woman scorned in love!</u>

Eenmaal moes ek vir 'n tydperk diens doen in Umlazi se wyk. Ek was die enigste blanke polisieman en my taak was om van 18:00 tot 02:00 slegs die busroetes te patrolleer ten einde passasiers te beskerm teen rowers. Twee of drie swart lede het my op die patrollies vergesel. Ons het baie rowers gevang. Een aand kom ek aan diens en 'n swart dame sit geduldig in die hoek van die aanklagkantoor en wag. Ek het haar 'n paar keer gesien. Laat die aand stap ek na haar en gesels beleefd en simpatiek in isiZulu met haar. Haar storie is dat haar man haar afknou. Ek stel dit toe aan haar dat hy seker 'n ander vrou het. Sy het bevestigend geantwoord. Ek sê toe dat ek dit nie kon begryp waarom hy so 'n mooi vrou verlaat het nie. Toe kom dit: "Dit is niks nie - hy het selfs 'n yster met klein ystertjies binne (handwapen en patrone)!" Sy is bereid om my te wys waar hy is en waar die vuurwapen is.

Ons vertrek toe na die verdagte se huis en klop hom en sy meisie op! Langs die bed, teen die muur, haal ons sy swart PT-broekie uit met die gelaaide vuurwapen in die voor binne sak. Die wapen het

hy tydens ‘n inbraak op die Bluff gesteel. Hy is toe ook sommer ook aangekla vir die aanranding op sy vrou! Dit sal hom leer om sy vrou ‘op te klits!’ Genoeg tyd sal aan hom gegun word om oor sy sondes na te dink in die tronk.

Een saak suksesvol opgelos deur net ordentlik met ‘n vrou te gesels. So is polisiewerk, negentig persent is goeie skakeling en goeie mense verhoudinge. Het ek haar nie gehelp nie, of aan die aanklagkantoorpersoneel oorgelaat, sou daar seker niks van die hele saak gekom het nie, sy het in elk geval al ‘n paar uur daar gesit.

HBH







Goeie dag! Hieronder verskyn 'n lys van al die blog se berigte vir Julie-maand 2025. Lees die lys deur en klik op die skakel van die storie of artikel wat u wil lees. U hoef nie alles te lees nie. Geniet en lekker lees! Skakel na blog: https://www.nongqai.org/new-nuut-2/	Good day! This issue presents a selection of blog posts for the month of July 2025. You are invited to browse the list and explore any story or article that captures your interest. There is no expectation to read everything — simply follow the links to what resonates with you. Enjoy the journey — and happy reading! Link to the blog: https://www.nongqai.org/new-nuut-2/

OOM BOKKIE, DIE TANNIETJIE EN OUWÊRELDSE RESPEKTE
by Hennie Heymans | Jul 29, 2025 | SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY PRESERVED, Police Academics, SAP Brigade, SAP Depot / College) Pretoria West, SAP Hall of Fame, SAP History / Geskiedenis, SAP Personalities
OOM BOKKIE, DIE TANNIETJIE EN OUWÊRELDSE RESPEKTE * (Chris Botha) Kaptein NM Breedt "'n Doppie vir 'n man, en 'n doppie vir 'n dame asseblief 'sant Boorap", sê die waardige ou man. Met onteenseglike gesag maar ook met baie respek. Die waardige het in die...

Eulogy Maj Gen Lou Oosthuizen SA Army
by David Blyth | Jul 25, 2025 | SA Army, SA Defence Force / Weermag, SA Military History, SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY PRESERVED
Eulogy Maj Gen Lou Oosthuizen SD, SM, MMM (SA Army) "Oosie": A Tribute by Brig Gen Tony Savides (SA Army, Retired) I am deeply saddened by his passing, but I am also humbled that it had been my privilege to have known him, to have worked with him, learnt...

NATAL POLICE: THE LONG ARM OF THE LAW
by Hennie Heymans | Jul 25, 2025 | Natal Police (Colony), SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY PRESERVED
NATAL POLICE (COLONIAL): THE LONG ARM OF THE LAW The Nongqai 1909 page 251 1909 – Long Arm of the Law Police work is interesting and varied. Crime and criminals keep us in business. Criminals sometimes afford policemen the opportunity to travel and see the world...

WAGTERS OP DIE WATERS: 'N TYDLYN VAN DURBAN SE WATERPOLISIE (1854–1994)
by Hennie Heymans | Jul 25, 2025 | Durban Borough Police * Durban Gemeentelike Politie, SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY PRESERVED, Water Police, Water Police, Water Police, Water Police Durban, Water Wing Durban
WAGTERS OP DIE WATERS: 'N TYDLYN VAN DURBAN SE WATERPOLISIE (1854–1994) Hennie Heymans Nota: Ek was te SAP King's Rest gestasioneer. Naby die Hawe aan die Bluff se

kant. Langs die telefoon in die aanklagtekantoor was ‘n telefoonlys met spog-eenhede se telefoonnommers...

Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Vloot in Simonstad en hoe dit in die SA Vlootmuseum weerspieël word
by Hennie Heymans | Jul 24, 2025 | SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY PRESERVED, Military History, SA Military History, SA Naval Museum
Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Vloot in Simonstad en hoe dit in die SA Vlootmuseum weerspieël word Fanie Avenant Fanie skryf: “Hiermee iets oor die SA Vlootmuseum, grootliks geneem van Google, Vlootbrosjures en die Vloot se webtuiste. ‘n Paar interessanthede...

SOUTH AFRICAN COMMONWEALTH WAR CASUALTIES BURIED ACROSS THE WORLD – PART NINETY.
by Hennie Heymans | Jul 24, 2025 | SA Military History, SA War Graves / SA Oorlogsgrafte, SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY PRESERVED
SOUTH AFRICAN COMMONWEALTH WAR CASUALTIES BURIED ACROSS THE WORLD – PART NINETY. By Captain (SAN) Charles Ross (SA Navy Retired) South Africans participated in almost every war theatre during the First and Second World Wars. According to the Commonwealth War Graves...

2025: MEMORIAL SERVICE: BATTLE OF DELVILLE WOOD: PRETORIA
by Hennie Heymans | Jul 24, 2025 | SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY PRESERVED, Anniversary - Dellville Wood, Military History, SA Military History
2025: MEMORIAL SERVICE: BATTLE OF DELVILLE WOOD: PRETORIA Capt Charles Ross (Capt SAN – Ret) The Annual Battle of Delville Wood Memorial Service was held on Sunday, 13 July 2025, at the Commonwealth War Graves plot in the Thaba Tshwane New Military Cemetery, Thaba...

DIE SOGENAAMDE VERLANGE NA APARTHEID
by Hennie Heymans | Jul 24, 2025 | SAP & Apartheid, SAP History / Geskiedenis, SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY PRESERVED
DIE SOGENAAMDE VERLANGE NA APARTHEID Deur Fanie Bouwer PRÈCIS VAN DIE ARTIKEL In hierdie artikel bied Fanie Bouwer ’n eerlike en nugtere terugblik op die apartheids-era in Suid-Afrika (1948–2000). Hy bespreek die negatiewe aspekte soos menseregteskendings,...

Belangrike les vir Polisie: Die Vergiftiging van André de Ruyter: ’n Kroniek
by Hennie Heymans | Jul 22, 2025 | SKRYWERS & BOEKE, Crime at Eskom, Crime in South Africa (post 1994), SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE
Belangrike les vir Polisie: Die Vergiftiging van André de Ruyter: ’n Kroniek Kort na sy bedanking as uitvoerende hoof van Eskom op 12 Desember 2022, het André de Ruyter ’n beker koffie by Megawatt Park geniet. Binne minute het hy na sy eie beskrywing “verward” gevoel,...

Theft: Copper Contact Wire and Its Impact on South African Rail Operations
by Hennie Heymans | Jul 22, 2025 | Crime in South Africa (post 1994), Destruction and damage to Railway Property, National Security - Nasionale Veiligheid, Railway Transport in South Africa, SA Railways Police / Spoorwegpolisie, SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE, Theft of Rail Infrastructure, Uncategorized
Theft: Copper Contact Wire and Its Impact on South African Rail Operations J & J Wepener New copper contact wire was recently installed near Klerksdorp due to continuous theft along the section between Klerksdorp and Kimberley, via Warrenton. As a result, Transnet...

SAP VERULAM & OTHER SAP HISTORIC PHOTOS
by Hennie Heymans | Jul 22, 2025 | Historical photos, SAP History / Geskiedenis, SAP Members of Indian decent / Indiër-lede, SAP Personalities, SAP Verulam, SAPS KZN Province, SAPS Personalities, SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE, Tribute to SAP Members
SAP VERULAM & OTHER SAP HISTORIC PHOTOS Col Logan Govender 1978 SAP Verulam (Note Capt J Botha was my Station Commander at SAP Wentworth – HBH) Date unknown 1970: South African Police station commander and staff Verulam 0 (Note: W/O JJ Scheepers was my first...

China en Suid-Afrika
by Hennie Heymans | Jul 22, 2025 | Uncategorized, People's Republic of China, SA Military History, Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad (SSVR - SSSC), STRATEGIC STUDIES, Taiwan, Tak Strategiese-kommunikasie (TSK)
China en Suid-Afrika Saamgestel deur Hennie Heymans Ons land is tans lid van BRICS. China tree as die sterkste land in BRICS na vore. Ons het wegbeweeg van Taiwan. Natuurlik is China vir ons gewone mense van die grootste belang. Suid-Afrika se jongste besluit oor...

2025: Dit was die besigste spoorwegstasie in Afrika: Johannesburg Spoorwegstasie: Sonder die spoorwegpolisie gaan dinge baie moeilik
by Hennie Heymans | Jul 22, 2025 | National Security - Nasionale Veiligheid, Destruction and damage to Railway Property, Railway Transport in South Africa
2025: Dit was die besigste spoorwegstasie in Afrika: Johannesburg Spoorwegstasie: Sonder die spoorwegpolisie gaan dinge bra moeilik Foto's – Koos Kok. Byskrifte Hennie Heymans. Koos Kok vertel hy het die foto's gister (21-07-2025) by die Nelson Mandela brug, in...

KENYA POLICE AIR WING
by Hennie Heymans | Jul 21, 2025 | Foreign Police Forces, Kenya Police Airwing
KENYA POLICE AIR WING Col David Reeve (Former Kenya Police) Col Reeve furnishes the following information: From our Kenya Police Review – and photos from our Kenya Police Archive The badge of the Kenya Police Reserve: Col Reeve is building out their archive any...

Iran: VSA se Bunkerbreker-bom (BBB)
by Hennie Heymans | Jul 21, 2025 | Defence, Foreign Armies / Buitelandse Weermagte, Uncategorized, United States, VSA se Bunkerbreker-bom (BBB)
Iran: VSA se Bunkerbreker-bom (BBB) (Lt-kol Philip Malherbe [afgetr]) Hierdie artikel is vrylik vertaal van die verwysde bronne, saamgestel en geskryf deur Philip Malherbe. "Abstract" Abstrak "The purpose of this article is to briefly mention the US June 2025 attempt...

Vrouespioen Johnanna Brandt – Petronel Fourie
by Henning van Aswegen | Jul 21, 2025 | BOOKS / BOEKE, Historical photos, Military History
Met ekenning aan Maroela Media, waarin hierdie artikel deur Petronel Fourie die eerste keer geplaas is. Kerkmuseum bewaar geheime van vrouespioen Johanna Brand Soos meeste mense het ek al die naam Johanna Brandt gehoor, daardie vrouespioen wat deel van die...

SPOTPRENTE DEUR O/KORP JH JACKSON GEPUBLISEER IN DIE NONGQAI
by Hennie Heymans | Jul 20, 2025 | SAP History / Geskiedenis, HUMOUR IN UNIFORM, Military Personalities, Military writers & authors, Police Humour, Spotprente
SPOTPRENTE DEUR O/KORP JH JACKSON: GEPUBLISEER IN DIE NONGQAI Hennie Heymans Ek het met die Nongqai groot geword. As klein seuntjie het ek baie op my Vader se skoot gesit en dan het ons deur die Nongqai geblaai en ek het altyd van "Jackson" se spotprente gehou....

DIE AANGEWESE POLISIEMINISTER, FIROZ CACHALIA, HET ‘N OBSESSIE ONTWIKKEL
by Hennie Heymans | Jul 19, 2025 | Crime in South Africa (post 1994), Police Miniters, Provincial Commissioners, SAPS KZN Province, SAPS Personalities, SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE, Uncategorized
DIE AANGEWESE POLISIEMINISTER, FIROZ CACHALIA, HET ‘N OBSESSIE ONTWIKKEL Brig Fanie Bouwer Sy uitsprake sovêr was net gerig op Lt.-generaal Mkwanazi van KZN se perskonferensie, wat hy duidelik dink buite protokol-prosedure was en, tweedens, sinspeel hy op die...

Kaiserliche Schutztruppe für Deutsch-Südwestafrika (DSWA): Imperial Schutztruppe for German South West Africa (GSWA)
by Hennie Heymans | Jul 19, 2025 | Curt von Francois, German Southwest Africa, Herero, Kaiserliche Schutztruppe für Deutsch-Südwestafrika (DSWA), Uncategorized
Kaiserliche Schutztruppe für Deutsch-Südwestafrika (DSWA): Imperial Schutztruppe for German South West Africa (GSWA) KAISERLICHE SCHUTZTRUPPE FÜR DEUTSCH-SÜDWESTAFRIKA (DSWA): IMPERIAL SCHUTZTRUPPE FOR GERMAN SOUTH WEST AFRICA (GSWA) Compiled by Wolfgang Witschas...

2025: THE SOUTH AFRICAN POLICE (SAP) COUNTER INSURGENCY (COIN) UNIT VETERANS LEAGUE’S ANNUAL MEMMORIAL
by Hennie Heymans | Jul 19, 2025 | POLICE MEMORIALS IN SOUTH AFRICA, 1966 Bush War / Coin, Ongulambashe, Roll of Honour - Ererol, SAP Helicopters, SAP History / Geskiedenis, SAP Monuments& graves, Tribute to SAP Members
2025: THE SOUTH AFRICAN POLICE (SAP) COUNTER INSURGENCY (COIN) UNIT VETERANS LEAGUE’S ANNUAL MEMMORIAL Compiled by Wolfgang Witschas On a crisp Saturday morning, closest to August 26th, the South African Police (SAP) Counter Insurgency (Coin) Unit Veterans...

STAATSBOU IN SUID-AFRIKA: ’N KRITIESE BESINNING OOR GESAG, KRISIS EN HERBOUING
by Hennie Heymans | Jul 19, 2025 | Water Security, Food Security - Voedsel Sekerheid, National Security - Nasionale Veiligheid, SA Military History, SANDF, SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE, Staatsbou - State building
STAATSBOU IN SUID-AFRIKA: ’N KRITIESE BESINNING OOR GESAG, KRISIS EN HERBOUING Deur HB Heymans Opsomming ’n Omvattende besinning oor die stand van staatsbou in Suid-Afrika, gefokus op krisis, gesag, intelligensie, veiligheid en onderwys. Die artikel wys hoe die SAPS,...

VAN ROOKSPORE IN DIE LUG TOT REFLEKSIE OP DIE LEUNSTOEL
by Hennie Heymans | Jul 18, 2025 | POLICE MEMORIALS IN SOUTH AFRICA, Roll of Honour - Ererol, SAP History / Geskiedenis, SAP Memorial / SAP Gedenkteken, STRATEGIC STUDIES
VAN ROOKSPORE IN DIE LUG TOT REFLEKSIE OP DIE LEUNSTOEL ’n Persoonlike Bydrae tot die Debat oor Geregtigheid en Verantwoording Deur Hennie Heymans 1. Inleiding: ’n Generasie onder die Loep Ek is in 1946 gebore — ’n kind van die naoorlogse era, gevorm deur die...

1938: SOUTH AFRICAN POLICE DOG MASTERS IN THE PALESTINE POLICE
by Hennie Heymans | Jul 17, 2025 | 1938 - SAP in Palestine, Functions of the SA Police, Palestine Police service, SAP - CID, SAP Dogmasters (CID), SAP History / Geskiedenis, SAP Personalities
1938: SOUTH AFRICAN POLICE DOG MASTERS IN THE PALESTINE POLICE By Brig HB Heymans Introduction The Palestine Police Force was a British colonial service established in Mandatory Palestine on 1 July 1920, under High Commissioner Sir Herbert Samuel. Composed of Jewish,...

SELECTIVE ACTIONS BY SAPS AGAINST POLICE MEMBERS AND GENERALS
by Hennie Heymans | Jul 17, 2025 | Alleged Corruption, Crime in South Africa (post 1994), SAPS Personalities, SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE, Uncategorized
SELECTIVE ACTIONS BY SAPS AGAINST POLICE MEMBERS AND GENERALS SELEKTIEWE OPTREDES VAN SAPD TEEN POLISIELEDE EN GENERAALS Brig Fanie Bouwer Suid-Afrika se belofte van 'gelyke geregtigheid vir almal' wankel wanneer aanspreeklikheid eindig by die laagste...

Die Teraardebestelling van Adoons
